NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

Berg-en-Dal 2024

JEUGBEDIENING



# WELKOM BY ONS JEUGBEDIENING

Baie welkom liewe maats, kinders, jongmense, ouers en voogde. In hierdie boekie sal julle al die belangrike datums en inligting vind oor Berg-en-Dal se Jeugbediening vir 2024. Blaai gerus deur die Jeugkalendar en teken solank hierdie datums in jou dagboek aan. Ons nooi jou: kom glo en bid, lag en speel, leer en leef, eet en wees saam met ons by die Jeugbediening!

Op die eerste paar bladsye sal jy 'n kort beskrywing van die verskillende jeugbyeenkomste vind. Wanneer jy omblaai sal jy by 'n belangrike brief oor die kategese uitkom. Daar sal jy ook 'n lys van ons kategete van 2024 kry, met hul kontakbesonderhede daarby.

Maak gerus kontak met ons indien jy enige vrae het oor die kategese of jeugbyeenkomste. Aan al ons kinders, tieners, en jongmense: indien jy graag met iemand wil gesels of sommer net wil afpak, kontak my gerus by **078 894 9166** of **jankehurter@bergendalkerk.co.za.**



Ons sien uit om hierdie jaar saam met jou te wandel en meer van God te leer. Dit is vir ons by Berg-en-Dal 'n voorreg om saam met jou op pad te kan wees.

Groete

Ds. Janke

Berg-en-Dal 2024

MEER INLIGTING

Meer oor ons
# JEUGBEDIENING

**GESINSDIENS:**

MET DIE GESINSDIENS DEEL ONS GRAAG DIE GOEIENUUS, DIE EVANGELIE, OP 'N EENVOUDIGE MANIER DAT SELFS OOK JONG OORTJIES DIT VERSTAANBAAR SAL VIND.

**KINDERPINKSTER:**

MET DIE KINDERPINKSTER KYK ONS OM DEUR POPPEKASSTORIES, AKTIWITEITE EN INKLEUR, DIE BELANGRIKHEID VAN DIE PINKSTERGEBEURE, BY DIE JONGSPAN VAS THE LÊ.

**KATEGESE:**

BY DIE KATEGESE LEER ONS VAN GRAAD RR - GRAAD 11 OOR GOD SE PAD MET MENSE EN STOP ONDER ANDERE BY DIE VERHALE IN OU TESTAMENT, DIE 10 GEBOOIE, DIE DOOP, DIE NAGMAAL EN DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS.



Meer oor ons

# JEUGBEDIENING

**JONGSPANKAMP:**

BY DIE JONGSPANKAMP LEER ONS AS GR. RR - GR. 4'S SAAM OOR GOD EN DOEN LEKKER AKTIWITEITE SAAM MET MEKAAR WAT BY DIE KAMPTEMA PAS. ONS SLAAP OOK 1 NAG BY DIE KERK OOR IN DIE KERKSAAL.

**WILDSBOKKE:**

DIE WILDSBOKKE (GR. 5 - GR. 7) KUIER, SPEEL EN LAG SAAM. ONS DEEL DIE UITDAGINGS VAN ONS OMGEWING EN TYD, EN GESELS OOR HOE ONS IN 2024 NADER AAN GOD KAN GROEI.

**GRAAD 7 DIENS:**

DIE GRAAD 7 DIENS IS 'N SPESIALE UITNODIGING AAN ONS GRAAD 7'S WAAR ONS TYDENS DIE EREDIENS GRAAG SAAM MET DIE GRAAD 7'S BID EN SO HUL HOËRSKOOLLOOPBAAN WAT VOOR LÊ, AAN DIE HERE OP.



Berg-en-Dal 2024

MEER INLIGTING

Meer oor ons

# JEUGBEDIENING

**TIENERKAMP:**

MET DIE TIENERKAMP KYK ONS OM AS TIENERS SAAM MET GOD TE WANDEL EN MEER OOR SY WEË EN WIL VIR ONS LEWENS TE LEER DEUR SAAM MET MEKAAR TE SPEEL, TE LAG, TE GESELS, TE SING, TE BID, TE EET, TE LEES, TE OORDINK, TE WEES.

**#ROADTRIP:**

MET DIE ROADTRIP EREDIENSTE WANDEL ONS, NES DIE PELGRIMS VAN OUDS, SAAM MET GOD, MEKAAR EN DIE WÊRELD. VANJAAR REIS ONS SAAM DEUR VAN DIE PELGRIMSPSALMS.

**VASTRAP:**

BY DIE VASTRAP-GROEP KYK ONS OM MET AKTIWITEITE OP 'N INFORMELE MANIER (ERVARINGSLEER), BELANGRIKE BYBELSE BEGINSELS EN WAARHEDE VAS TE TRAP.



Meer oor ons
# JEUGBEDIENING

**TAIZÉ:**

DIE TAIZÉDIENSTE IS 'N RUIMTE WAAR ONS OP 'N STIL, NADENKENDE WYSE DEUR MIDDEL VAN HERHALENDE SANG, STILTES, KERSE EN 'N KORT BOODSKAP SAAM AS GELOWIGES GOD AANBID.

**MATRIX:**

ONS NOOI ALLE MATRIEKS VAN 2024 - STAD, ANDER SKOLE, MAATS, KOSHUIS - OM OP ‘N SONDAGMIDDAG SOOS AFGESPREEK, DEEL VAN ONS KLEINGROEPKUIER TE WEES, WAAR ONS OOR DINGE WAT SAAKMAAK EN OP ONS HARTE LÊ, GESELS. KOM LUISTER SAAM NA ‘N KUIERGAS MET KUNDIGHEID OOR SO ‘N TEMA, OF KOM PAK SOMMER NET AF. IN ONS WHATSAPP-GROEP SAL JY DIE INLIGTING KRY. ONS SLUIT DIE JAAR MET ‘N WEGBREEK AF, EN BEGIN OKTOBER, ‘N BAIE SPESIALE MATRIEKDIENS.



Meer oor ons

# JEUGBEDIENING

**LIGHTHOUSE:**

BY LIGHTHOUSE GESELS ONS AS JONGVOLWASSENES OOR RELEVANTE ONDERWERPE WAT SPREEK TOT DIE WÊRELD VAN JONGMENSE IN 2024, EN BESPREEK DIT IN DIE LIG VAN DIE BYBEL. HIER KYK ONS OOK WAAR ONS AS JONGVOLWASSENES BETROKKE KAN RAAK IN ONS GEMEENSKAP OM SO OOK DIE LIG TE VERSPREI.

**AANLYN-OORDENKING:**

MET DIE AANLYN-OORDENKINGS KYK ONS OM SAAM AS GELOWIGES BINNE DIE AANLYN-WÊRELD GOD SE WIL NA TE SPOOR EN UIT TE LEEF. ONS AANLYN-OORDENKINGS IS OP INSTAGRAM BESKIKBAAR ELKE WOENSDAGOGGEND. GAAN VOLG GERUS DIE GEMEENTE OP INSTAGRAM BY: BERGENDALKERK.



## Aan al ons ouers & kinders...

WELKOM TERUG!

Dit is vir ons 'n wonderlike voorreg om jul almal vanoggend hier te kan sien, gesond, uitgerus, opgewonde en reg vir die jaar – en ook alle nuwelinge, jonk en oud: **Hartlik welkom by Berg-en-Dal se Kategese vir 2024!** Ons sien uit na 'n jaar van saamloop, leer, lag, saam aanbid en help waar ons kan…

In ons gemeente is Sondae (en Woensdae) se kategese, die ruggraat van ons jeugbediening; dít is waar ons op 'n gereelde basis rondom ons oggenddienste, 182 kinders – van kleuters tot ons belydenisgroep – ontmoet; op Woensdae ook nog so 'n 80 koshuiskinders van Huis Eie Haard (Sentraal) by. Daar is 34 Sondae (uit die 52) vanjaar waarop ons tyd met ons kinders gaan hê; bring hul asseblief saam kerktoe; 27 van daardie Sondae het ons 'n kategeseles – 'n verhaal of 'n Bybelstudie – en die paar ander kere 'n lekker Paas- of Pinkstertema, iets met handwerk of 'n uitreik na iewers in ons omgewing waar nood is. Dus, 'n verskeidenheid! Soos jul ook dalk weet, is Berg-en-Dal bevoorreg om 'n jong dominee Janke (Hurter) te hê wat spesifiek met ons kinders en jongmense werk – en die res van hierdie mooi boekie vertel van als waarmee sy en hulle vanjaar besig gaan wees; sý neem ook leiding by ons kategese.

Hier is die reëlings vir ons kategese:

- Ons het vanjaar weer 'n goeie span **kategete** bymekaar; 'n handvol bekendes met genoeg ervaring, sommige self ook ouers, en dan 'n lekker klomp studente met ywer en energie... Hul name volg hieronder - kontak hul gerus om oor jou kind te gesels en laat weet asb. van afwesighede. Jy is as ouer ook hartlik welkom en ons sal dit baie waardeer, as jy af en toe kan help om Sondae vir ons kinders 'n hoogtepunt te maak, dalk met 'n verjaarsdag, stuur iets te ete of drinke saam – gesels gerus met jou kategeet en hoor wat kan werk.

- Ons het vir elke jaargroep 'n **Werksboek** wat hul saam met die **Bybel** gaan gebruik. Van **Graad 1 tot 4** hoor ons kinders die mooiste Bybelverhale oor die weg waarop God met sy mense gegaan het, van die Skepping tot met Jesus se hemelvaart. **Grade 5 en 6** leer die leefwêreld van die Bybel ken: die landskap, kultuur, feeste en betekenis van dit als vir ons lewe met God. Die **Graad 7-jaar** is 'n oorgang; dit vat wat tot hier geleer is saam en berei hul voor op 'n nuwe groeifase in hul geestelike lewe. In die hoërskooljare (**Grade 8 - 10**) gaan ons dieper in op die Bybelboodskap: Gebod (Christelike lewenswyse); gebed (Christelike spiritualiteit) en geloof (Christelike belydenis). **Graad 11** is die afrondingsjaar waardeur hulle gehelp word om op hul doop te antwoord, hul geloof te bely en uitgestuur te word as getuies van Christus na elke akker van Sy koninkryk op hul lewenspad verder. Ons kategete werk uit 'n leiersgids en die kinders se **Werksboeke** is van vandag af beskikbaar @ R 65,00 (Juniors) of R 75,00 (Seniors); elke Sondag in die binnehof tot 5 Februarie.

Hier is 'n belangrike versoek: Moet asb. nie die Werksboek kopieer of skandeer vir 'n maatjie of boetie of sussie nie; ons wil 'n goeie kwaliteit produk in elke kind se hand gee en hul deur die jaar laat ervaar wat dit is om trots te wees op jou werk. Ons moedig jul aan om in hul temas belang te stel en saam te gesels.

- Vir elke groter jeuggroep – en hulle het interessante name van "Kleinspan" en "Wildsbokke" tot "Vastrappers" en "Matrix" – beplan ons weer **'n sosiale program, uitreike en kampe:** Blaai verder deur die boekie; dit is alles hier… Ds. Janke sal ook gereeld daaroor inligting en uitnodigings op ons mediaplatforms plaas – hou dit dop. Iets nuuts vanjaar: Daar is so twee keer per kwartaal, wanneer ons Sondagkategese vir tieners, skuif na die laatmiddag (17:00) om dan by ons jeugdiens die aand aan te sluit – ons sal dit elke keer reël.

- Elke jaargroep het 'n **whatsappgroep** tussen die kategeet en ouers en/of katkisante. Ons gebruik dit slegs vir kommunikasie van inligting rakende ons kategese, kort kennisgewings, en julle mag ook daarin navraag doen – ons loop dié pad tog saam…

## KATEGETE 2024

| | | |
|---|---|---|
| Jeugleraar / Kategesehoof | Janke Hurter | 078 894 9166 |
| Jeugouderling | Rikus van Pletzen | 083 462 0122 |

**Junior Kategese (Sondae net ná Gesinsdiens, 10:00-10:35):**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Peuters | Elsie Haasbroek | 082 747 4436 | Eden |
| Kleuters | Jacquelle Malan | 079 691 5914 | Kanaän |
| Graad 1 | Carla Greyling | 061 343 2826 | Mamre |
| Graad 2 | Reanda van Pletzen | 072 952 2750 | Bet-El |
| Graad 3 | Natasja Badenhorst | 072 599 6634 | Ebenaeser |
| | Zenda Maritz | 076 302 2723 | Betlehem |
| Graad 4 | Mathilda Henning | 083 321 0570 | Betanië |

**Senior Kategese (Sondae net ná Kerkdiens, 10:40-11:20):**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 5 | Carli van Staden | 083 406 0906 | Kanaän |
| | Pieter le Roux | 082 963 3832 | Mamre |
| Graad 6 | Mia Smith | 063 645 0714 | Bet-El |
| Graad 7 | Lalla du Plessis | 082 709 4376 | Berg Sinaï |
| Graad 8 | Sarahne Dreyer | 072 958 8877 | Ebenaeser |
| | | | Betlehem |
| Graad 9 | Ds. Janke Hurter | 078 894 9166 | Betanië |
| Graad 10 | Ds. Jan Lubbe | 082 784 9362 | Konsistorie |
| Graad 11 | Ds. Johan Marais | 084 517 8052 | Jeugkamer |

**Neem vrymoedigheid en gesels met ons, enige navrae is welkom en dankie dat ons saam kan deel in die geloofsvorming van jul kinders!**

2024

Berg-en-Dal

JEUGBEDIENING

NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

## Weekliks by Berg-en-Dal

**GESINSDIENS:** SONDAE, 09:30 (JONK + OUD)

**KATEGESE:** SONDAE, 10:00 - 10:35 (JUNIOR)
SONDAE, 10:40 - 11:20 (SENIOR)

**KATEGESE:** WOENSDAE, 18:00 - 19:00 (EIE HAARD)

**LIGHTHOUSE:** WOENSDAE, 19:00 - 20:00 (JONGVOLWASSENES)

**AANLYN-OORDENKING:** WOENSDAE (INSTAGRAM: @BERGENDALKERK)



2024

FEBRUARIE

Epifanie

# NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

**04 FEBRUARIE, 18:00**

**#RoadTrip** in die kerksaal

Tieners + Jongvolwassenes

**09 FEBRUARIE, 16:00**

**Saamkuier** in die Jeugkamer

Gr. 5 - Gr. 7

**11 FEBRUARIE, 18:00**

**Vastrap (Minute-to-win-it)** in die kerksaal

Tieners + Jongvolwassenes

**25 FEBRUARIE, 18:00**

**Taizé**

Tieners + Jongvolwassenes




EPIFANIE DUI OP DIE VERSKYNING VAN GOD IN DIE WÊRELD. JESUS SE KOMS IS 'N SIGBARE TEKEN VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID OP AARDE. SY LEWE HET 'N NUWE SEISOEN VAN LIG INGELEI.

2024

MAART

Lydenstyd

# NGK Berg-en-Dal
# JEUGBEDIENING

**10 MAART, 18:00**

**#RoadTrip** in die kerksaal

Tieners + Jongvolwassenes

**15 - 16 MAART 2024**

**Jongspankamp**

Gr. RR - Gr. 4

**24 MAART, 18:00**

**Taizé**

Tieners + Jongvolwassenes



LYDENSTYD IS 'N SEISOEN IN DIE KERKJAAR WAARIN ONS DIE LYDING VAN CHRISTUS IN HERINNERING ROEP EN DAAROP REAGEER IN VOORBEREIDING OP PAASFEES.

2024

APRIL

Pase

NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

**07 APRIL, 18:00**

**Pelgrimsstap**

Tieners + Jongvolwassenes

**14 APRIL, 18:00**

**#RoadTrip** in die kerksaal

Tieners + Jongvolwassenes

**28 APRIL, 18:00**

**Taizé**

Tieners + Jongvolwassenes



MET PASE ONTHOU ONS WEER: JESUS WAT GEKRUISIG IS, BEGRAWE IS EN OPGESTAAN HET UIT DIE DOOD. JESUS LEEF EN ONS MET HOM.

2024

MEI

Pinkster

NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

**12 - 16 MEI, 18:00**

Kinderpinkster

Gr. RR - Gr. 4



MET PINKSTER DINK ONS AAN DIE HEILIGE GEES WAT UITGESTORT IS EN ELKEEN VAN JESUS SE DISSIPELS SE HARTE GEVUL HET.

2024

Koninkrykstyd

JUNIE

NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

**09 JUNIE, 18:00**

**Taizé**

Tieners + Jongvolwassenes



IN KONINKRYKSTYD VIER ONS JESUS SE HEERSKAPPY AS DIE HEER VAN DIE HERE. ONS DINK OOK DAARAAN DAT JESUS SY DISSIPELS UITGESTUUR HET NA DIE WÊRELD OM SY KONINKRYK UIT TE LEEF.

Belydeniskamp

# KATKISANTE 2023

"Hierdie kamp het my geleer wat dit is om deur die eenvoudige stilte en klanke van die natuur, een te word met God se skepping - in my gedagtes en binneste het Hy my herinner dat Hy hier is, by my."

"Menuha has opened my eyes, revealing the greatness of God in this nature and silence. God is truly great. I am thankful that God breathed life into us, so that we may be here to experience his marvels."











2024

JULIE

Koninkrykstyd

# NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

**06 - 08 JULIE 2024**

**Belydeniskamp**
Gr. 11's

**21 JULIE, 18:00**

**#RoadTrip** in die kerksaal (saam Anneke)
Tieners + Jongvolwassenes

**28 JULIE, 18:00**

**Taizé**
Tieners + Jongvolwassenes



IN KONINKRYKSTYD VIER ONS JESUS SE HEERSKAPPY AS DIE HEER VAN DIE HERE. ONS DINK OOK DAARAAN DAT JESUS SY DISSIPELS UITGESTUUR HET NA DIE WÊRELD OM SY KONINKRYK UIT TE LEEF.

Koninkrykstyd

AUGUSTUS

2024

NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

**04 AUGUSTUS, 09:30**

**Siesta uitreik**
Gr. 3's en 4's

**04 AUGUSTUS, 18:00**

**Vastrap (Bybelvasvrae)** in die kerksaal
Tieners + Jongvolwassenes

**25 AUGUSTUS, 09:30**

**Muntelegging** (Bybelsondag)
Gr. RR - Gr. 4

**25 AUGUSTUS, 09:30**

**Taizé**
Tieners + Jongvolwassenes



IN KONINKRYKSTYD VIER ONS JESUS SE HEERSKAPPY AS DIE HEER VAN DIE HERE. ONS DINK OOK DAARAAN DAT JESUS SY DISSIPELS UITGESTUUR HET NA DIE WÊRELD OM SY KONINKRYK UIT TE LEEF.

Koninkrykstyd

SEPTEMBER 2024

NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

**01 SEPTEMBER , 18:00**
#RoadTrip in die kerksaal
Tieners + Jongvolwassenes

**05 SEPTEMBER, 18:00**
Uitreik: Tweetoring
Tieners + Jongvolwassenes

**13 SEPTEMBER 2024**
Kermis
Jonk en oud

**28 - 29 SEPTEMBER 2024**
Tienerkamp: "Die lig op my pad ..."
Tieners



IN KONINKRYKSTYD VIER ONS JESUS SE HEERSKAPPY AS DIE HEER VAN DIE HERE. ONS DINK OOK DAARAAN DAT JESUS SY DISSIPELS UITGESTUUR HET NA DIE WÊRELD OM SY KONINKRYK UIT TE LEEF.

Koninkrykstyd OKTOBER 2024

# NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

**06 OKTOBER, 18:00**

**Matriekdiens**
Tieners + Jongvolwassenes

**13 OKTOBER, 18:00**

**#RoadTrip** in die kerksaal (Stilnagmaal)
Tieners + Jongvolwassenes

**20 OKTOBER, 14:00 - 15:00**

**Modenso park (Treintjies)**
Gr. RR - Gr. 4

**20 OKTOBER, 18:00**

**Taizé**
Tieners + Jongvolwassenes

**26 OKTOBER, 19:00**

**Belydenis van Geloof**
Gr. 11's



IN KONINKRYKSTYD VIER ONS JESUS SE HEERSKAPPY AS DIE HEER VAN DIE HERE. ONS DINK OOK DAARAAN DAT JESUS SY DISSIPELS UITGESTUUR HET NA DIE WÊRELD OM SY KONINKRYK UIT TE LEEF.

Koninkrykstyd 2024

NOVEMBER

NGK Berg-en-Dal

# JEUGBEDIENING

**03 NOVEMBER, 18:00**

Graad 7 diens

Tieners + Jongvolwassenes

**10 NOVEMBER, 09:30**

Afsluiting van kategese (Juniors)

Gr. RR - Gr. 4

**10 NOVEMBER, 09:30**

Afsluiting van kategese (Seniors)

Tieners + Jongvolwassenes

**24 NOVEMBER, 09:30**

Taizé

Tieners + Jongvolwassenes



IN KONINKRYKSTYD VIER ONS JESUS SE HEERSKAPPY AS DIE HEER VAN DIE HERE. ONS DINK OOK DAARAAN DAT JESUS SY DISSIPELS UITGESTUUR HET NA DIE WÊRELD OM SY KONINKRYK UIT TE LEEF.

2024

KONTAK ONS GERUS

Berg-en-Dal

NGK Berg-en-Dal

# KONTAK ONS GERUS

## Kontakbesonderhede

KERKKANTOOR:
**073 180 3193**

DS. JANKE HURTER: KINDERS/JEUG
**078 894 9166**

DS. JAN LUBBE: WYK 1 - 10
**082 784 9362**

DS. JOHAN MARAIS: WYK 11 - 20
**084 517 8052**

INDIEN JY GRAAG OP ONS TIENER OF JONGVOLWASSENE WHATSAPPGROEP WIL WEES, STUUR GERUS JOU NOMMER VIR DS JANKE EN ONS "ADD" JOU OP DIE GROEP.

